50 JAAR

# 1986 - 1997 Bestendige groei

## Die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens

### Die Diens...



Frans van der Merwe

FRANS VAN DER MERWE
**Voormalige Direkteur**

Hierdie tydperk was opwindend en vol geleenthede. In die eerste agt jaar was die pas vinnig en alhoewel vol aanslae en ondersoeke, was dit nie naastenby so onvoorspelbaar en moeilik bestuurbaar soos die laaste drie jaar nie, 'n tydperk wat besluitneming beproef het en waarin die Biblioteekdiens soms onbeheerbaar deur dramatiese veranderings meegesleur is.

Vernuwing het in 1986 ingetree toe aanbevelings van 'n ondersoek na die werksaamhede van die Biblioteekdiens wat aan die einde van 1985 uitgevoer is, in werking gestel kon word. Deurdat die aantal bestuursposte van 'n skamele vyf na dertien vermeerder is, is die Biblioteekdiens in staat gestel om werklik as 'n nuwe span strategiese bestuur toe te pas. Streekgrense is aangepas, 'n bykomende streekgebied is ingestel en doelgerigte opleiding het in alle erns begin. 'n Hoogtepunt was die opening van Milnerton se nuwe biblioteek, 'n argitektoniese meesterstuk van styl en eenvoud en dit was gepas dat dit die eerste biblioteek geword het waar video's aan gebruikers geleen is.





*Die opening van die nuwe moderne Milnerton Biblioteek was 'n hoogtepunt en in daardie jare 'n argitektoniese meesterstuk*

In 1987 is die pas van die vorige jaar voortgesit: die hoogtepunt van die jaar was waarskynlik die seminaar vir 120 openbare bibliotekarisse wat in die Biblioteekdiens se hoofkantoor aangebied is. Die tema was *In diens van die gemeenskap* en dit was die eerste byeenkoms van hierdie aard ooit. 'n Nuwe inligtingsdiens, wat veral daarop gemik was om biblioteke met beperkte hulpbronne aan te vul, is vanuit 'n nuwe modelbiblioteek in die hoofkantoor ingestel. 'n Reeks ontmoetings tussen senior personeel van die Biblioteekdiens en plaaslike uitgewers en boekhandelaars het plaasgevind, waartydens die behoefte aan studie- en inligtingsmateriaal bespreek is. Die nuwe en drasties-verhoogde begroting vir biblioteekmateriaal het daartoe gelei dat 453 000 boeke aangekoop kon word, 46% meer as in die vorige jaar en die hoogste in die geskiedenis van die Diens. Die verhoging in die aankoop van inligtingsmateriaal het met 52% teenoor die syfer van die vorige jaar toegeneem

### Die Tydskrif...




*Links: 'n Interessante artikel deur Cecily van Gend in* ***Die Kaapse Bibliotekaris*** *van* ***1986*** *- sy is steeds vandag een van ons mees gewilde korrespondente*

*Onder: Die Boekresensie-rubriek kry 'n nuwe baadjie in* ***1986***




*Onder: 'n Nuusberig oor die bekende Barbara Steele se aftrede verskyn in die* ***Oktober 1987*** *uitgawe*

*Regs: In* ***1987*** *kry ons 'n nuwe voorblad - en dis ook die laaste keer dat die tydskrif se formaat 210x 297mm (A4) is*










*Right: The year 1988 brings a bright new cover design in full colour with strong graphic images depicting the various services offered by libraries. The format changed to an easy-to-handle 210x280mm design (which it still is today)*

**Die Diens...**

en het 'n aantal studieversamelings ingesluit. As 'n nuwe inisiatief is 'n aantal bloklenings sagtebandboeke in Engels aan landelike biblioteke beskikbaar gestel.

Die Biblioteekdiens se groot deurbraak in bemarking ter ondersteuning van sy veldtog, *Ontdek 'n nuwe wêreld in jou biblioteek*, het in 1988 plaasgevind. Om hierdie program te rugsteun is die Biblioteekdiens se begroting vir boekaankope dramaties verhoog en 691 000 boeke is geprosesseer om die rekord van die vorige jaar met meer as 50% te oortref. Die eerste twee spesiale volkleur-uitgawes van die *Kaapse Bibliotekaris* ooit, het algemene byval gevind en Zirkëa Ellis, die destydse redakteur se deelname aan 'n televisieprogram oor die Biblioteekdiens se aanbieding van Openbare Biblioteekweek, het selfs van owerheidsweë hoë lof ontvang.

Die Biblioteekdiens het in 1989 vir die tweede agtereenvolgende jaar 'n deurbraak gemaak met 'n televisie-uitsending oor die viering van Biblioteekweek en sy bemarkingsmateriaal is weereens deur al die ander provinsiale biblioteekdienste vir Biblioteekweek-vierings gebruik. Ander hoogtepunte was die ingebruikneming van Bellville se moderne stadsbiblioteek, die grootste in die provinsie en een van die bes-toegeruste biblioteke in die land. In die Suid-Kaap het Oudtshoorn as 'n selfstandige streek tot stand gekom. Die heersende inflasiekoers van byna 15% het meegebring dat die gemiddelde eenheidsprys van 'n boek van R16.20 in 1988 met meer as 61% toegeneem het, tot R26.20 in 1989.



*Bellville se moderne stadsbiblioteek, die grootste in die provinsie en een van die bestoegeruste biblioteke in die land*


1990 was in meer as een opsig 'n gedenkwaardige jaar: openbare biblioteke is vir almal oopgestel; die Provinsiale Administrasie het 'n ondersoek geloods om al sy funksies te heroorweeg en die Biblioteekdiens is aan 'n diepte-ondersoek onderwerp. Die Biblioteekdiens het 'n reeks inligtingseminare vir senior amptenare van plaaslike owerhede dwars oor die provinsie aangebied. Ongetwyfeld 'n hoogtepunt en prestasie was die geslaagde nasionale simposium in Bellville se biblioteek ter ondersteuning van die nasionale *Jaar van die Leser*-veldtog, met as gasspreker, die hoof van die Nasionale Biblioteek van Malawi. Hierdie jaar het die span boekkeurders onder leiding van Lana Pieterse-Barnett hulleself oortref met oordeelkundige keuring en aankope: 615 000 boeke is aangekoop en spesiale aandag is geskenk aan leesstof vir nuut-geletterdes.

Die positiewe uitwerking van die oopstelling van biblioteke, asook die aktiewe bevordering van die rol van biblioteke in die gemeenskap, was in 1991 onmiskenbaar duidelik as daar na gebruiksyfers gekyk word toe meer as 1.5 miljoen boeke meer uitgeleen is as in die vorige jaar: dit verteenwoordig 'n styging van meer as 8%. Indien dit vergelyk word met die gemiddelde styging van 3.5% oor die vorige tien jaar, is dit hoegenaamd nie 'n geringe prestasie nie.

Die Biblioteekdiens is in 1991 tot 'n volle direktoraat binne die Provinsiale Administrasie opgegradeer as erkenning deur die owerheid van sy funksie binne die gemeenskap. 'n Nuwe

**The Magazine...**

*Right: Our first foray into the DTP (desktop publishing) world came in **1989** when we acquired a program called Ventura. Although difficult to master initally we were able to produce a clearer and more legible magazine as can be seen in this improved contents page*






*Left: A first for the magazine - in **1989** the art column written by Marlene Nielsen, our very knowledgable art selector at the time, appeared in full colour. This regular feature of the Library Service's art collection highlighted artwork available for loan to libraries for exhibition purposes*




*Right: The new DTP program enabled our graphic designers to produce a much more legible layout for Book Accessions in **The Cape Librarian February 1989**.*

*Onder: 'n Artikel oor Montagu-Ashton se suksesvolle Geletterdheidsprojek wat reeds in 1980 begin is. Die projek, wat aanvanklik wankelrig begin het, het gegroei tot so 'n mate dat daar in 1985 twee koördineerders aangestel is om die projek te hanteer*







*Bo: **Die Kaapse Bibliotekairs 1990.** Sterk volkleur ontwerpe geskep deur die in-huise grafiese kunstenaar, Meta Zöllner. Haar ontwerp, wat mense van alle ouderdomsgroepe en ras weerspieël, het die tema, **Die jaar van die leser**, sterk onderskryf*

⇨

**Die Diens...**

diensstaat het behels dat 'n bykomende streekbeheergebied, Milnerton, ingestel kon word, wat die aantal streekgebiede op 24 te staan gebring het. 'n Verdere uitvloeisel van die nuwe diensstaat was dat bykomende poste op alle vlakke geskep is, asook 'n nuwe navorsingsafdeling en afdeling wat die beplanning van nuwe openbare biblioteekgeboue kon evalueer en koördineer.

'n Strategiese beplanningseminaar vir senior personeel is gehou, waartydens oor die missie, doelstellings, funksies en prioriteite herbesin en besluit is om 'n nuwe bestuurstelsel in te stel.

Die beste nuus in jare was toe goedkeuring verleen is dat die Biblioteekdiens die PALS-gerekenariseerde inligting- en uitreikingstelsel kon instel. Dit was 'n groot deurbraak deurdat dit die enigste gerekenariseerde provinsiale stelsel in die land geword het wat ook voorsiening gemaak het dat openbare biblioteke hierby kon inskakel en dat dit vir 'n openbare biblioteekuitreikingstelsel voorsiening gemaak het. Vir die eerste keer ooit kon openbare bibliotekarisse direk, op 'n prakties-uitvoerbare manier, betrek word by inspraak oor die keuse van nuwe biblioteekmateriaal, ongeag die afstand vanaf die hoofkantoor in Kaapstad. Dat rekenarisering inderdaad 'n reuse onderneming sou wees, blyk duidelik as gekyk word na die opstel van 'n databasis van 170 000 titels, asook individuele items van meer as sewe miljoen wat oor meer as 500 sentra versprei is en almal van strepieskodes voorsien moes word. Hierdie taak is met groot sukses oor die volgende aantal jare deur adjunkdirekteur André Steenkamp en sy span aangepak. Tokai was die eerste openbare biblioteek wat in 1993 intyds op PALS begin werk het.

Dit was ook verblydende nuus vir alle biblioteekgebruikers toe die provinsiale administrasie finaal besluit het om nie aan vertoë gehoor te gee om gebruikersgelde in te stel nie: openbare biblioteke se uitleendienste sou steeds, soos deur wetgewing aangedui, gratis vir alle lede wees, maar die aankoop van kunsafdrukke vir uitleen deur gebruikers moes ongelukkig gestaak word.

Ten spyte van die verwikkeling binne die strukture van die Biblioteekdiens, het dienslewering aan openbare biblioteke nie agterweë gebly nie. Oor die vorige twee jaar is 18 nuwe openbare biblioteke ingestel, terwyl altesame 21 nuwe openbare biblioteke in 1992 alleen in aanbou was. Die Biblioteekdiens het hierdie bouprojekte met tot 80% van die totale koste gesubsidieer, wat in 1992 alleen agt miljoen rand bedra het.

Die instelling van nuwe dienste en verbetering van bestaande ontoereikende geboue kon as gevolg van die verhoogde toekenning van fondse deur middel van subsidies versnel word en in die tydperk 1986 tot 1993, is altesame 129 projekte voltooi. Nuwe dienste is in bykans alle uithoeke van die provinsie ingestel, wat in die Noord-Kaap gewissel het van Huhudi in Vryburg, Paballelo in Upington, Galesh-




Heelbo: André Steenkamp, adjunkdirekteur en die meesterbrein om die PALS-stelsel van die grond af te kry



Bo: Tokai Biblioteek was die eerste biblioteek wat in 1993 intyds op PALS begin werk het

**Die Tydskrif...**


Die Kaapse Bibliotekaris
THE CAPE LIBRARIAN
VOL 35 NO 3 MAART 1991
Gebruikersvriendelikheid
Is your library signage user-friendly?

*Links:* ***Die Kaapse Bibliotekaris 1991*** *met 'n drie-dimensionele grafiese ontwerp gemaak uit papier. Dit was ook die eerste keer dat daar van uitskieters op die voorblad gebruik gemaak is*


Ideas for displays
Make a pet mobile from throwaways

*Right: In* ***The Cape Librarian March 1991*** *issue an article which promoted the use of recycling material appeared. This article was so popular that it is still used today as part of our presentation for workshops on displays for libraries*


Library in focus
KHAYELITSHA COMMUNITY LIBRARY
Background
The establishment of the library
The library and the schools
Activities


Library in focus

*Above and left:* ***The Cape Librarian*** *of* ***August 1991*** *features a double spread on the long-awaited opening of Khayelitsha Library*


DIE KAAPSE BIBLIOTEKARIS
VOL 36 NO 8 SEPTEMBER 1992
PUBLIC LIBRARIES IN THE CAPE PROVINCE
THE CAPE LIBRARIAN


Book reviews / Boekresensies
Wartime Lies
Louis Begley
Ragnarok
D.G. Compton John Gribbin

*Bo en regs:* ***September 1992*** *se voorblad spog met 'n tipografies ontwerp in helder kleure. In dieselfde jaar word 'n nuwe uitlegstyl vir boekresensies gebruik*

## Die Diens...

ewe in Kimberley, en in die Oos-Kaap van KwaNobuhle in Uitenhage, Mlungisi in Queenstown en Zwide in Port Elizabeth. In die Wes-Kaap het nuwe biblioteke veral rondom Kaapstad opgeskiet: Scottsdene, Wesfleur in Atlantis, Melton Rose, Khayelitsha, Adriaanse, Langa, Delft en vele meer. In die Wes-Kaap is 'n aansienlike aantal verouderde fasiliteite met voortreflike nuwe geboue vervang waarvan Worcester, Pinelands, Houtbaai en Vishoek enkele voorbeelde is.




Worcester Library

Dat die Biblioteekdiens sedert 1986 sy verlore aansien binne die Provinsiale Administrasie herwin het, blyk duidelik uit die besondere welwillendheid en besoeke aan die hoofkantoor, streekbiblioteke en openbare biblioteke deur politici en senior amptenare. In hierdie tydperk was die twee administrateurs van die provinsie (eers Gene Louw en daarna Kobus Meiring) en die lede van die Provinsiale Uitvoerende Komitee wat vir biblioteke verantwoordelik was (eers Willem Bouwer en daarna Deon Adams), besonder ontvanklik vir biblioteekbehoeftes. Erkenning van die positiewe rol van biblioteke is telkens in toesprake en begrotingsredes verleen. Erkenning moet ook gegee word aan die positiewe rol van Di Bishop, die Progressiewe Federale Party se woordvoerder vir biblioteke tydens debatte in die Provinsiale Raad. Omdat die Biblioteekdiens inspraak op senior vlak gehad het, het dit beteken dat versoeke vir verhoogde toekenning van fondse om agterstande in te haal nie op dowe ore geval het nie. As gevolg van die positiewe gevolge daarvan kon boekaankope drasties verhoog word. Waar daar in die vorige tien jaar gemiddeld 279 000 boeke per jaar aangekoop is, het hierdie syfer met meer as 100% toegeneem tot 'n gemiddeld van bykans 564 000 per jaar, waarvan vir vyf jaar meer as 600 000 per jaar.



Hout Bay Library



Gene Louw



Kobus Meiring

Die nuwe politieke en grondwetlike onderhandelings vir die land was in 1993 hoofnuus, maar dit was bykans onmoontlik om te beplan tot watter mate dit openbare biblioteke sou raak, afgesien van die inligting dat die Kaapprovinsie in drie afsonderlike provinsies verdeel sou word. Ten spyte van onsekerheid oor die toekoms van die Biblioteekdiens, is 'n reeks inligtingseminare vir vakkundiges van die Biblioteekdiens gehou in opvolging van verskeie strategiese beplanningsessies.

In 1994 het dramatiese veranderings in die land plaasgevind en die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens het aan die begin gestaan van 'n onbekende, nuwe bedeling waarvan die gevolge nie voorspelbaar en nog moeiliker bestuurbaar was. Die Biblioteekdiens, waarskynlik een van die grootste en mees suksesvolle biblioteekdienste van sy soort ter wêreld, het in daardie stadium 39.3% van alle openbare biblioteke in die land verteenwoordig, 40% van die ledetal en 44% van uitreikings uit openbare biblioteke.

In aansluiting by die tema van die jaar, *Inligting vir almal by jou biblioteek*, is 'n nasionale simposium in Maart in Kaapstad aangebied wat die laaste gesamentlike byeenkoms van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens was. Een van die gevolge van Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing wat kort hierna plaasgevind het, was dat die 24 streekbiblioteke en 560 openbare biblioteke hulle in vier nuwe en verskillende provinsies bevind het: 14 streekbiblioteke en 290 openbare biblioteke in die Wes-Kaap, vyf en 146

## The Magazine...

*Below: An article appeared in the* ***November/December 1993*** *issue on automating a manual library. Under the auspices of their very capable librarian Kim Bryce-Borthwick, Tokai Library was the first library to go live.*


Going live!
*Automating a manual library*
Kym Bryce-Borthwick, Librarian, Tokai Public Library
As with so many technological advances, once you've tried the new, going back is impossible


*The first ever cover printed in gold! -* ***The Cape Librarian*** *of* ***November /December 1993***




*Below: A new design for the contents page was part of the new look for* ***1994***

*Bottom below: Book reviews also received a new treatment in terms of layout in* ***1994***

*Right: Information for all - the slogan for* ***1994*** *- a clay model depicting South Africa with a over-sized I made for an unusual cover*







*Below: The Library Board with Frans van der Merwe on the far left*









⇨ *A graffiti-style poster underwrites the campaign for the* ***Year of Information'***

## Die Diens...

in die Oos-Kaap, vier en 117 in die Noord-Kaap en een en sewe in Noordwes.

Die nuwe provinsies het amptelik op 1 Julie 1994 begin funksioneer en die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens het tot stand gekom. Daar moes afskeid geneem word van 'n deel van die 'familie': van kollegas met wie dekades lank saamgewerk is, van openbare bibliotekarisse en hul biblioteke met wie 'n lang pad saam geloop is. Dit was nie maklik nie, met die wete dat geen bestuur- of hoofkantoorstelsel in die nuwe provinsies bestaan nie.

Dat die nuwe Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens gunstig vergelyk het met Eerstewêreldstandaarde, blyk duidelik as na statistiek gekyk word: met net 8.7% van die inwonertal van Suid-Afrika, het die Wes-Kaap oor meer as 17% van alle openbare biblioteke in die land beskik en met 27.5% van openbare biblioteekledetal. Ander insiggewende syfers vir die Wes-Kaap was dat hier een biblioteek vir elke 13 000 inwoners was, terwyl die gemiddeld vir die land een biblioteek vir elke 25 000 inwoners was. In die Wes-Kaap was 27.8% van die totale bevolking geregistreerde biblioteeklede, terwyl die ooreenstemmende syfer vir die land slegs 8.8% was.

Die owerhede het bepaal dat alle hoofkantoorbates van die voormalige Kaapse Provinsiale Administrasie (trouens ook van Transvaal, wat ook in vier afsonderlike provinsies verdeel is), volgens 'n vasgestelde formule, gebaseer op bevolkingsgetalle, tussen die vier nuwe provinsies verdeel moes word. Hiervolgens moes meer as 50 personeellede van die hoofkantoor in Kaapstad óf na ander afdelings of provinsies waar vakatures bestaan het, verplaas word, óf bloot uit diens gestel word. Verder moes 44% van alle ander bates, van boeke in die Sentrale Versameling, kunswerke, toerusting, meubels en selfs vullishouers, na die drie nuwe provinsies oorgeplaas word. Afgesien van die Friis-debakel van die vroeë jare sestig, was dit waarskynlik een van die mees traumatiese gebeurtenisse in die geskiedenis van die Biblioteekdiens wat elke funksie en vlak van dienslewering negatief beïnvloed het. Ten spyte van ernstige besware deur die Biblioteekdiens en met verwysing na sy sterk sentrale funksie, ongeag getalle wat keuring, aankope en vakkundige versorging betref, het dit op dowe ore geval. Die formule van verdeling was 'n politieke besluit wat nie rekening gehou het met die werklikheid nie en het vir die hele land gegeld: niks en niemand kon dit verander of ongeldig verklaar nie.



*Ten spyte van die feit dat die Diens deur swaar jare gegaan het, was Biblioteekweek altyd 'n hoogtepunt. Hier oorhandig Janine de Villiers van die Publikasie-afdeling een van die mees populêre promosieitems, 'n biblioteeksak aan die minister van Onderwys en Kultuur, Martha Olckers*

Die Biblioteekdiens is aan die begin van 1995 onder 'n nuwe departement van Omgewing- en Kultuursake ingedeel waarna opdrag ontvang is om uitvoering te gee aan die verdeling van die hoofkantoor. 'n Mens wonder of daar al ooit voorheen van 'n biblioteekdiens verwag is om in 'n 'rasionalisasieproses' soveel jong en hoogs bekwame personeellede, spesiaal aangestel weens hul vaardighede vir die spesifieke funksies, asook personeel met jare lange ondervinding, te moes aanmoedig om elders 'n heenkome te soek, of hulle uit diens te stel. Die negatiewe gevolge hiervan het moraal op alle vlakke nadelig geraak, afgesien van die drasties verminderde prosessering van nuwe boeke. Die Reklame- en Publikasieafdeling is as gevolg van personeelverminderings bykans tot stilstand geruk en kon net enkele van sy beplande programme uitvoer, maar het in weerwil hiervan alles in die stryd gewerp om die **Kaapse Bibliotekaris** nie ook te laat sneuwel nie.

Die Wes-Kaapse Minister van Onderwys en Kultuur, Martha Olckers, het intussen 'n taakgroep (Westag) aangestel om 'n raamwerk op te stel vir 'n toekomstige beleid vir, onder andere, openbare biblioteke in die provinsie. Hierdie ondersoek was sommer uit die staanspoor in omstredenheid gehul en het polarisasie en ongelukkigheid veroorsaak. Die meeste deelnemers, waaronder die Provinsiale Biblioteekdiens, Kaapstad Stadsbiblioteek, die Munisipale Vereniging, en die Provinsiale Biblioteekadviesraad, het hulle ernstige kommer en misnoë uitgespreek oor die voorsitter se onsinnige uitsprake, werkwyse en hantering van die ondersoek en hulle van die proses gedistansieer. Hierdie veelbesproke en omstrede proses en latere 'verslag' het uiteindelik in die vergetelheid verdwyn toe dit deur die betrokke minister afgekeur is en sy 'n kleiner werkgroep versoek het om 'n finale verslag in te dien.


Die instelling van streekforums was een van die min positiewe hoogtepunte van 1995. Die hoofdoelwit daarmee was om openbare biblioteke by besluitnemingsprosesse te betrek en om kommunikasie tussen openbare biblioteke en die Provinsiale Biblioteekdiens te verbeter en te bevorder. Hierdie nuwe gespreksplatform het baie gou sy waarde bewys.

Tussen al die protesaksies, vergaderings, ondersoeke en traumatiese prosesse om personeel te verminder, moes probeer word om die diens aan openbare biblioteke nie te veel skade te laat ly nie, maar kommerwekkende agterstande het opgebou in die vloei van nuwe biblioteekmateriaal na openbare biblioteke: teen die einde van 1995 is 'n laagtepunt bereik toe slegs 16 000 nuwe boeke in Desember geprosesseer kon word in plaas van die beplande 38 000. Meer as 300 000 nuwe boeke het in pakkamers opgehoop - daar was nie genoeg personeel om dit uit te pak, fakture te kontroleer, vakkundig te versorg en fisies voor te berei sodat dit aan openbare biblioteke beskikbaar gestel kon word nie.

Die provinsiale owerhede en politici se reaksie op beroepe om gehoor te gee aan vertoë vir bykomende personeel om nie alleen agterstande in te haal nie, maar om 'n

## The Magazine...

*Right: An unusual cover design for **1995** resembling a printer's tray with objects supplied by staff in the Library Service. This was also the year that the prefix **The** was dropped from the name of the magazine and it became known as **Cape Librarian***





The Internet
friend or foe?

*Left: In the **March 1995 Cape Librarian** an article on the early days of the Internet, a novel commodity then but indispensible now*

## Die Diens...

basiese diens aan openbare biblioteke te lewer, het bykans in 'n klugspel ontaard. Voorleggings is gedoen en afvaardigings het besoeke afgelê. Premier Hernus Kriel, sowel as die minister van Onderwys en Kultuur het telkens positief gereageer, net om daarna deur senior bestuurslui van die administrasie weerspreek te word en dit wou voorkom asof geen waarde geheg kon word aan besluite wat politici so geredelik geneem het nie. Hierdie bontspringery moet gesien word teen die agtergrond van die minister van Onderwys en Kultuur se persverklaring van 15 September 1995 dat 'n dringende werkstudieondersoek ingestel is waarin bevind is dat 48 bykomende poste vir die Biblioteekdiens geregverdig is om sy normale funksies te kan voorsit, asook dat fondse vir implementering wél beskikbaar is. Voeg hierby Premier Kriel se brief van 28 September 1995 aan die president van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese dat die minister van Onderwys en Kultuur 'reeds dringende stappe geneem het om die krisis rondom die toekoms van biblioteke in Wes-Kaapland die hoof te bied'.

Die meeste openbare bibliotekarisse het intussen hul solidariteit met hulle kollegas by die Provinsiale Biblioteekdiens begin toon en allerlei aksies is van stapel gestuur om owerhede en biblioteekgebruikers van die gevolge van die afskaling van personeel en dienste by die Provinsiale Biblioteekdiens bewus te maak. Een hiervan was 'n veldtog, *Red ons biblioteke*. Die media, radio en koerante is hiervoor ingespan en koerantopskrifte het vir weke lank bibliotekarisse se boodskappe uitgebasuin, byvoorbeeld: *Kaapse biblioteke begin protes oor rasionalisasie; Biblioteekdiens is van volgende jaar 'n sinkende skip; Sonder biblioteke ly geletterdheid*, en vele meer. Deur middel van die *Kaapse Bibliotekaris* en spesiale omsendbriewe en inligtingsessies is bibliotekarisse ingelig oor die werklike en jongste stand van sake. 'n Klein groepie openbare bibliotekarisse was, teen die verwagting in, gekant teen die aanstel van personeel om agterstande te probeer inhaal en om minstens 'n basiese diens aan openbare biblioteke te lewer en hulle het selfs 'n afvaardiging na die minister gestuur. Hulle motiewe was nooit duidelik nie.

Politici het nie gehou van al die negatiewe publisiteit oor biblioteke nie, allermins Martha Olckers, en sy het haar misnoë duidelik te kenne gegee met talle negatiewe uitlatings oor die Diens.


SATURDAY Argus WEEKEND

CAPE LIBRARY CHAOS

Angry staff would like to see the book thrown at management for their handling of the crisis

Council boots out officials in arrears

*In the* ***Saturday Argus*** *of 21 Januarie 1996 a front page article appeared commenting on the chaos in libraries in the Western Cape*

Noodmaatreëls is intussen getref en personeel van alle afdelings van die Biblioteekdiens, ook van streekbiblioteke buite Kaapstad, openbare bibliotekarisse en vrywillige diensorganisasies, het hulp verleen en met nog 30 tydelike werkers, het die agterstand aan die einde van 1996 tot 58 000 boeke gekrimp. Ons was ook dankbaar vir hulp van enkele openbare bibliotekarisse met vakkundige versorging (katalogisering en klassifikasie) van nuwe boeke.

Daar was darem enkele verblydende gebeure in 1996: 'n afvaardiging van 25 Nederlandse bibliotekarisse op 'n Suid-Afrikaanse studiebesoek het die Biblioteekdiens in Februarie aangedoen. Uit hul verslag blyk dit dat hulle nie alleen kennis geneem het van die Biblioteekdiens se 'deelnemende' bestuurstelsel nie, maar hulle was besonder beïndruk deur die Biblioteekdiens se bemarking- en professionele publikasies en die voorbereidingafdeling.

Ten spyte van woelinge, afskaling van dienste en die verminderde beskikbaarstelling van nuwe boeke aan openbare biblioteke, het biblioteekgebruik tussen 1994 en 1996 met 12.5% toegeneem en die biblioteekledetal met 12.7% - verblydende syfers.


Met die plaaslike verkiesings agter die rug moes die Biblioteekdiens aanpas by die nuwe indeling van grense binne die Kaapse metropolitaanse gebied en talle verskuiwings doen, onder andere, 'n aantal nuwe streekgebiede instel en 'n groot aantal openbare biblioteke tussen streke herindeel.

Oor die jare was daar 'n debat oor veral drie aangeleenthede: eerstens die rol en funksies van die vakkundiges van die Biblioteekdiens; tweedens die 'onafhanklikheid' van Kaapstad se stadsbiblioteek binne die provinsie en derdens die probleme wat openbare biblioteke ondervind as gevolg van ontoereikende, of in die meeste gevalle, die algehele afwesigheid van skoolbiblioteke. Dit is vandag makliker om terug te kyk en antwoorde te probeer verskaf, maar dit val buite die opdrag van hierdie artikel.

⇨

## Die Tydskrif

*In* ***1996*** *besluit die redaksie om 'n toer deur die Wes-Kaap te onderneem om 'n fotografiese voorstelling van hierdie pragtige provinsie as basis vir die voorblad vir daardie jaar se tydskrif te gebruik*





GAUTENG

Provincial Library and Information Services

In Gauteng many problems are experienced at local government level. The question of whether all services should be rendered at metro level, is still being debated

...the delivery of library and information services has been dealt a severe blow by the decrease in the value of the Rand...

*Bo: 'n Reeks oor die verskillende bibilioteekdienste in die land begin in die* ***November/Desember 1996*** *uitgawe*




*Regs: Teen hierdie tyd (****1996****) was die personeel van die tydskrif uitgedun tot 'n skamele drie - die grafiese kunstenaar, 'n tikster en die redakteur - vandaar die Kersgroete op die agterblad van die drie 'lonely petunias...' daardie jaar*

**Die Diens...**

Die volgende vrae oor personeel van die Biblioteekdiens het telkens opgeduik:

- Het vakkundige personeel nog enigsins 'n voorligtings- en evalueringsfunksie ten opsigte van openbare biblioteke?
- Is dit werklik vir 'n span keurders nodig om biblioteekmateriaal, waarvan die meeste titels reeds in gesaghebbende bronne geresenseer is, weer eens te keur, te resenseer of te evalueer?
- Is dit geregverdig dat professionele personeel soveel tyd bestee om gedetailleerde bibliografiese rekords te skep van ontspanningsleesstof en selfs van vaklektuur waarvan die rakleeftyd meestal beperk is en indien wel, kan die meeste van hierdie rekords nie van ander bronne verkry word nie? Dit moet in gedagte gehou word dat 'n groter titelverskeidenheid 'n direkte invloed het op die proses van vakkundige versorging.

Dat die provinsiale stelsel gebreke gehad het, het niemand betwyfel nie, maar alternatiewe was nie voor die hand liggend nie. Privatisering is wél deur die provinsiale administrasie ondersoek, maar nie as prakties wenslik aanbeveel nie. Afgesien van enige alternatiewe stelsel, sou biblioteekbestuur en spesifiek die direkteur steeds verantwoordelikheid moes aanvaar vir die regverdiging vir elke titel wat aangekoop word, sowel as vir die besteding van openbare fondse. Hierdie funksie kon ingevolge wetgewing nie aan openbare bibliotekarisse of enige ander persoon gedelegeer word nie.

Nadat die nuwe plaaslike bestuurstelsel in werking getree het, was rasionalisasie tussen die Provinsiale Biblioteekdiens en die munisipale biblioteekdiens van Kaapstad onafwendbaar, weens voor die hand liggende voordele vir die gemeenskap en veral om dup-liserende funksies soos, onder andere, keuring en vakkundige versorging en twee verskillende rekenaarstelsels uit te skakel, maar sterk teenstand deur die bestuur van die Kaapstadse Stadsbiblioteek is ondervind.





***Die einde van 'n era...*** *- uitgaande direkteur Frans van der Merwe, 'n man wat vir die Biblioteekdiens geleef het, groet vir oulaas*

Die probleem wat openbare biblioteke ondervind ten opsigte van die toestroming deur skoliere en studente as gevolg van gebrekkige en, in die meeste gevalle, die algehele afwesigheid van studiebronne by skole, het 'n probleem gebly en alhoewel die saak indringend met die Wes-Kaapse minister van Onderwys bespreek is, is geen oplossing gevind nie.

Die rol van die Provinsiale Biblioteekadviesraad om standpunt in te neem oor biblioteeksake om sy raadgewende funksie te vervul, word waarskynlik gering geskat. Dié raad, wat reeds sedert 1955 gefunksioneer het, is ingevolge Biblioteekwetgewing ingestel (wat steeds geld), om die politieke hoof van die provinsie van raad oor biblioteekaangeleenthede te voorsien - geen ander provinsie het 'n soortgelyke kontrole-meganisme gehad nie. Die raad het deur die dekades sy staal gewys, juis vanweë sy lede se besondere vaardighede en belangstellings op die terrein van die openbare biblioteek, plaaslike owerheidsaangeleenthede en kultuursake. Die raad verdien spesiale erkenning vir veral drie sake: eerstens sy vertoë aan die destydse administrateur om 'n subsidiestelsel aan plaaslike owerhede te oorweeg vir die oprigting van biblioteekgeboue in gemeenskappe sonder biblioteke ('n voorstel wat aanvaar

**The Magazine...**




*Right: The **1997** cover design featured the series of beautiful relief sculptures by Lippy Lipschitz that decorate the facade of the Library Service building. This cover's design depicts music*




*Left: A report back article by well-known assistant director Zirkëa Ellis on the visit from the Netherlands' Library managers to South Africa at the end of **1996** - a visit described by the author of this article as one of the few positive experiences during a time of despondency*

is); tweedens was die raad heftig gekant teen die moontlike instelling van gebruikersgelde en sy sterk standpunt wat aan politici oorgedra is, het bygedra tot die suksesvolle afwering daarvan; en derdens het die raad in geen onduidelike taal nie sy kommer en teenstand aan Martha Olckers oorgedra teen die Westag-proses en die afskaling van die Biblioteekdiens. Die volle raad het op 31 Januarie 1997 sy bedanking by haar ingedien.

Die bedanking van die Adviesraad het die finale 'rasionalisasieproses' van die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens simbolies afgesluit vir 'n nuwe bedeling wat sou aanbreek. Ter afsluiting wil ek herhaal wat ek in my vorige artikel geskryf het, naamlik, dat die *Kaapse Bibliotekaris* dié instrument was wat oor die jare heen en veral deur die stormagtige periode van die middel-negentigs, 'n belangrike saambindende kommunikasie- en inligtingsfunksie vervul het. Dit was en is steeds die enigste venster na buite van die openbare biblioteekwese in Suid-Afrika en die blad geniet nasionale sowel as internasionale erkenning. My wens is nie net dat die *Kaapse Bibliotekaris* se uitstekende vakkundige inhoud en joernalistieke uitnemendheid gehandhaaf sal kan word nie, maar ook dat die bestaansreg van hierdie unieke en voortreflike vakkundige tydskrif nooit in sy volgende 50 jaar in die gedrang sal kom nie.

**Bronne geraadpleeg**

**Argus**. *Cape Library Chaos.* January 20/21, 1996. Kaapstad.

**Argus**. *Giant cultural revamp on the way for W Cape.* 16 February 1995 Kaapstad.

**Development Bank of South Africa**. 1993 Statistics.

**Kaapse Bibliotekaris**. Uitgawes vanaf 1986 tot 1997. Kaapstad.

Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens. Jaarverslae vanaf 1986 tot 1993. Kaapstad.

Persoonlike herinneringe, aantekeninge en dokumente.

Zuid-Afrika. Reisverslag: 6 - 19 Februarie 1996. Den Haag, Nederland.